# FINANSIËLE EN FISKALE KOMMISSIE

# HANDLEIDING VIR DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (PAIA)

(Artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 (soos gewysig)
En die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting Nr 4 van 2013)

Finansiële en Fiskale Kommissie (FFK)
11de Verdieping, Heerengrachtstraat 33
Strandgebied, Kaapstad
www.ffc.co.za

**Vir die Billike Verdeling van Nasionale Inkomste**

Opgedateer: 10 Oktober 2024

## Inhoudsopgawe


| | | Bladsynommers |
|---|---|---|
| **Inleiding** | | |
| 1 | Mandaat en funksies van die FFK | 3 |
| 2 | Samestelling van die FFK | 6 |
| 3 | Inligtingsbeamptes van die FFK | 7 |
| 4 | Gids vir die gebruik van PAIA | 8 |
| 5 | Kategorieë van rekords beskikbaar by FFK en toegang tot die rekords | 8 |
| 6 | Hoe om toegang tot die rekords te versoek | 10 |
| 7 | Regsmiddels beskikbaar indien daar nie voldoen word aan die Bepalings van die Wet nie | 11 |
| 8 | Beskikbaarheid van die handleiding | 11 |
| 9 | Opdatering van die handleiding | 12 |
| 10 | Prosessering van Persoonlike Inligting in terme van die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet Nr 4 van 2013 | 12 |
| 11 | Vorms om ‘n versoek in te dien onder PAIA | 14 |

## INLEIDING

Hierdie handleiding is opgestel in terme van die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet Nr 2 van 2000 (“die Wet”) en die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet Nr 4 van 2013 (“POPIA”) 1.2. Die Wet gee gevolg aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting soos vervat in Artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Volgens die Wet, moet openbare liggame ‘n handleiding opstel as ‘n gids vir versoekers van inligting. Hierdie handleiding dien ook as ‘n aanduiding van die tipe van rekords wat die Finansiële en Fiskale Kommissie (FFK) byhou, en die beskikbaarheid van sodanige rekords by die FFK.

Die Finansiële en Fiskale Kommissie (FFK) is ‘n onafhanklike regspersoon, en slegs aan die Grondwet, 1996 (soos gewysig) (Grondwet), die Wet op Finansiële en Fiskale Kommissie, 1997 (Wet Nr 99 van 1997) (soos gewysig) (Wet op FFK) en tersaaklike wetsbepalings onderworpe. Die Kommissie tree op as ‘n konsulterende liggaam, maak aanbevelings en gee advies aan die Parlement, provinsiale wetgewers, bestaande plaaslike regering en Staatsorgane oor die billike verdeling van inkomste tussen die drie regeringsfere en enige ander finansiële en fiskale aangeleenthede in terme van die Grondwet soos bepaal in nasionale wetgewing.

Hierdie handleiding sal versoekers help om rekords wat beskikbaar is by die FFK te identifiseer, en te weet hoe om toegang daartoe te verkry. Die doelwit is ook om leiding te gee oor hoe PAIA gebruik kan word om toegang te kry tot hierdie rekords.

## 1 MANDAAT EN FUNKSIES VAN DIE FFK (ARTIKEL 14)

### 1.1 Mandaat van die FFK

Tree op as ‘n konsulterende liggaam, maak aanbevelings en gee advies aan die Parlement, provinsiale wetgewers, bestaande plaaslike regering, en ander Staatsorgane oor die billike verdeling van inkomste tussen die drie regeringsfere, en oor enige ander finansiële en fiskale aangeleenthede in terme van die Grondwet en soos bepaal deur nasionale wetgewing.

## 1.2 Funksies van die FFK

Die Funksies van die FFK is vervat in artikel 3 van die Wet op FFK:

(1) Die Kommissie maak ooreenkomstig artikel 220 van die Grondwet aanbevelings aan Staatsorgane oor finansiële en fiskale aangeleenthede.

(2) Die Kommissie:

(a) moet die funksies genoem in subartikel (1) verrig in soverre sy verrigting van daardie funksies in die Grondwet beoog of deur nasionale wetgewing vereis word; en

(b) kan daardie funksies verrig

(i) op sy eie inisiatief; of

(ii) op versoek van 'n Staatsorgaan.

(2A) (a) 'n Staatsorgaan in een regeringsfeer wat verlang om, ooreenkomstig 'n wet, 'n bevoegdheid of funksie aan 'n Staatsorgaan in 'n ander regeringsfeer op te dra, moet voor die bevoegdheid of funksie opgedra word

(i) die Kommissie in kennis stel van die finansiële en fiskale implikasies van sodanige opdraging met betrekking tot

(aa) die toekomstige verdeling van inkomste wat nasionaal gevorder word tussen die regeringsfere soos deur artikel 214 van die Grondwet vereis word;

(bb) in die geval van 'n opdraging aan 'n provinsiale of plaaslike Staatsorgaan, die fiskale bevoegdheid, fiskale kapasiteit en doeltreffendheid van die provinsie of munisipaliteit; en

(cc) enige oorplasing van personeel, bates en laste, as daar is; en

(b) Die Kommissie moet nie later nie as 180 dae vanaf die datum van die ontvangs deur hom van die kennisgewing en versoek in paragraaf (a) beoog, of binne die ander tydperk waaroor met die betrokke Saatsorgaan ooreengekom is, die aanbeveling doen oor die voorgenome opdraging wat gepas is.

(c) 'n Opdraging in paragraaf (a) beoog het geen regskrag nie tensy die Staatsorgaan wat die opdraging uitvoer die Kommissie se aanbeveling in paragraaf (b) beoog versoek het en oorweging daaraan geskenk het.

(d) Die Staatsorgaan wat enige bevoegdheid of funksie aan 'n ander Staatsorgaan opdra, moet die mate waarin hy aan die Kommissie se aanbeveling in paragraaf (b) beoog oorweging geskenk het en dit in ag geneem het, in 'n gepaardgaande memorandum aan die Kommissie, die Staatsorgaan aan wie 'n bevoegdheid of funksie opgedra word, die Nasionale Tesourie en enige ander funksionaris wat vir die magtiging van sodanige opdraging verantwoordelik is, verduidelik.

(e) Ondanks paragraaf (c), indien die Kommissie nie binne die tydperk in paragraaf (b) beoog om 'n aanbeveling te doen nie, kan die betrokke Staatsorgaan,na oorleg

(2B) 'n Staatsorgaan moet die Kommissie in kennis stel of die Kommissie versoek om 'n funksie uit te voer in die vorm deur die Kommissie voorgeskryf.

(2C) Indien die Kommissie versuim om aan subartikel (2A) (b) te voldoen, moet die Kommissie skriftelike redes vir sodanige versuim aan die Parlement en, indien toepaslik, ook aan die tersaaklike provinsiale wetgewer voorlê.

(2D) Voordat die Staatsorgaan wat verlang om die bevoegdheid of funksie op te dra die aanbeveling van die Kommissie versoek, moet die Staatsorgaan, in die geval van

(a) 'n nasionale Staatsorgaan, die skriftelike goedkeuring van die Nasionale Tesourie verkry; of

(b) 'n provinsiale Staatsorgaan, die skriftelike goedkeuring van die provinsiale tesourie verkry.

(3) Die Kommissie moet onpartydig wees.

(4) Geen persoon of Staatsorgaan mag op die funksionering van die Kommissie inbreuk maak nie.

(5) Alle Staatsorgane moet die Kommissie bystaan om sy funksies doeltreffend te verrig.

(6) Die Kommissie moet afskrifte van al sy aanbevelings ingevolge 'n bepaling van die Grondwet aan beide Huise van die Parlement en aan die provinsiale wetgewers vir tertafellegging voorlê.

## 2 DIE SAMESTELLING VAN DIE FFK

### 2.1 Kommissie

Die Kommissie bestaan uit vroue en mans aangestel deur die President as hoof van die nasionale gesag. ‘n Voorsitter en ‘n Adjunk-Voorsitter, drie persone wat na oorlegpleging met die Premiers gekies word vanuit ‘n lys wat saamgestel is ooreenkomstig die proses wat in nasionale wetgewing voorgeskryf word; en twee ander persone.

### 2.2 Sekretariaat

2.2.1 Die Hoof- Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir:

(a) die vorming en ontwikkeling van ‘n doeltreffende administrasie;

(b) die samestelling, beheer en bestuur van die personeel;

(c) die handhawing van dissipline; en

(d) die uitvoering van die besluite van die Kommissie.

2.2.2 Die Sekretariaat bestaan uit die kern van die navorsingsafdeling en die steunpersoneel.

Die bestuurstruktuur van die FFK sien as volg daaruit:




## 3 INLIGTINGSBEAMPTES VAN DIE FFK – A14(1)(A)(II) VAN DIE WET

3.1 Die HUB van die FKK, mnr Thulani Duncan Ntuli, is die aangewese Inligtingsbeampte. Die kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte is:

| **Naam** | **Kontaknommer** | **E-posadres** |
|---|---|---|
| Mnr Thulani Duncan Ntuli | 021 137 6085 | ceo@ffc.co.za |

3.2 Die Inligtingsbeampte het sy bevoegdhede ingevolge PAIA kragtens artikel 17 van die Wet gedelegeer aan die volgende Adjunk- Inligtingsbeampte;

| **Naam** | **Kontaknommer** | **E-posadres** |
|---|---|---|
| Me Ansuyah Maharaj Dowra | 021 137 6085 | ansuyah@ffc.co.za |

3.3 Die Inligtingsbeampte het sy bevoegdhede ingevolge POPIA kragtens artikel 56

van POPIA gedelegeer aan die volgende Adjunk- Inligtingsbeampte:

| Naam | Kontaknommer | E-posadres |
|---|---|---|
| Ms Ansuyah Maharaj Dowra | 021 137 6085 | ansuyah@ffc.co.za |

3.4 Die FFK Inligtingsbeampte en Adjunk- Inligtingsbeamptes deel dieselfde straat- en posadres:
11de Verdieping, Heerengrachtstraat 33, Strandgebied, Kaapstad.

3.5 Die FFK-webtuiste is www.ffc.co.za

3.6 Versoeke vir inligting en toegang tot rekords wat nie geredelik beskikbaar is nie, kan bekom word deur met die Adjunk- Inligtingsbeampte te skakel.

## 4 GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK - A14(1)(B) VAN DIE WET

4.1 Die Inligtingsreguleerder is verantwoordelik vir, en het ‘n gids ontwikkel vir elkeen van die land se elf landstale, met inligting oor hoe om PAIA te gebruik. Hierdie gids is beskikbaar op die Inligtingsreguleerder se webwerf.

4.2 Enige inligting of navrae in verband met die gids moet gerig word aan:
Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika), Posbus 31533, Braamfontein, Johannesburg 2017. Webtuiste: www.justice.gov.za/inforeg
E-pos: enquiries@inforegulator.org.za

## 5 KATEGORIEË VAN REKORDS WAT BY FFK BESKIKBAAR IS (A14(1)(b)(ii) van PAIA) EN TOEGANG TOT REKORDS (A14(1)(b)(iv) gelees met A15(1)(a) & (b) of PAIA)

5.1 Rekords wat by FFK beskikbaar is word gegenereer deur die administrasie van sy

kernfunksies en prosesse soos gereguleer deur die wette wat dit bestuur. Hierdie rekords sluit strategiese rekords asook verskeie steunfunksies binne die FFK in.

5.2 Die mees onlangse dokumente en rekords van die FFK is beskikbaar op die webtuiste (http://www.ffc.co.za). Ouer dokumente kan in die argief, of uit drukoplaag uit wees. Belangstellende partye kan gratis harde kopieë/afskrifte van die oorspronklike dokument bekom soos aangedui in die Wet [A.15(3)]. Alternatiewelik, is ander kategorieë van dokumente beskikbaar by wyse van 'n formele versoek kragtens die Wet. Rekords van nuwe publikasies is gelys in ooreenstemming met Artikel 15(2) van die Wet, en word op die FFK-webtuiste geplaas na amptelike publikasie.

## 5.3 OUTOMATIESE TOEGANG EN OPENBAARMAKING – ARTIKEL 15 (1) (A) REGULASIE 5A

Alle inligting wat op die FFK-webtuiste (www.ffc.co.za) beskikbaar is, word vrywillig openbaar gemaak insluitend:

- Jaarverslae
- Jaarlikse Finansiële State
- Tersaaklike Wetgewing ten opsigte van die FFK
- Strategiese Plan
- Jaarlikse Prestasieplan
- Bemarking- en Korporatiewe Kommunikasie
- Mediavrystellings
- FFK Navorsingspublikasies
- Voorlegging met betrekking tot die Verdeling van Inkomste

## 5.4 DIE VOLGENDE DOKUMENTE IS NIE OUTOMATIES BESKIKBAAR NIE – ARTIKEL 33

Volgens PAIA, moet hierdie dokumente beskikbaar gemaak word op versoek van

lede van die publiek ingevolge sekere prosedures soos vereis word deur PAIA, en openbaarmaking mag by geleentheid geweier word:

5.4.1 Operasionele Inligting en Ooreenkomste met betrekking tot die volgende kategorieë:

- Interne Ondersoekverslae
- Memorandum van Verstandhouding
- Huurooreenkomste

5.4.2 Finansies en Boekhouding

- Bankrekeningrekords
- Boekhoudingsboeke en Finansiële State
- BTW- en LBS-rekords

5.4.3 Menslike Hulpbronnerekords

- Personeelleêrs
- Statutêre Indiensnemingsrekords
- Indiensnemingskontrak
- Pensioen-/VoorsieningsfondsrekordsPension
- Mediese Skemarekords
- Bankbesonderhede
- Werknemersvoordele en -betalings
- Boekhoudingsrekords
- Bateregisters
- Tender- en Boddokumente
- Kontrakte met Diensverskaffers
- Notules van Vergaderings

## 6 HOE OM ‘N VERSOEK TE RIG VIR TOEGANG TOT ‘N REKORD: PROSEDURES [A. 14.1(F)]

### 6.1 Openbaarmaking van rekords

‘n Versoeker moet toegang gegee word tot ‘n rekord van ‘n openbare liggaam wanneer die versoeker aan die volgende voldoen:

(i) Die versoeker voldoen aan al die prosedurale vereistes in PAIA betreffende die versoek vir toegang tot daardie rekord; en

(ii) Toegang tot daardie rekord nie geweier is op enige grond vir weiering soos bepaal in PAIA.

6.2 **Aard van die versoek**

‘n Versoeker moet die voorgeskrewe vorm, Vorm A, gepubliseer in Goewermentskennisgewing R187 van 15 Februarie 2002, gebruik. Die versoeker moet aandui of dit ‘n versoek is vir ‘n afskrif van die rekord, en of dit ‘n versoek is om die rekord by die kantore van die FFK te besigtig. Alternatiewelik, indien die rekord nie ‘n dokument is nie, moet die navraag aandui waar die rekord besigtig kan word.

## 7 BESKIKBARE REGSMIDDELS INDIEN DIE BEPALINGS VAN DIE WET NIE NAGEKOM WORD NIE (ARTIKEL 14(1) (H))

7.1 Enige person wat nie tevrede is met ‘n besluit van die Adjunk- Inligtingsbeampte nie, mag die kwessie eskaleer na die vlak van die Inligtingsbeampte toe.

7.2 Die finale gesag om ‘n openbaarmaking goed te keur, berus by die HUB.

7.3 Die FFK het nie ‘n interne appélprosedure in plek om voorsiening te maak vir appélle teen die beslissings van die Inligtingsbeampte nie.

7.4 Die veronregte persoon mag by wyse van ‘n aansoek by die Hof toepaslike regshulp aanvra.

## 8 BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING [A.14 (3)]

8.1 Hierdie handleiding is saamgestel ter illustrasie van die FFK se toewyding aan en

uitvoering van die Republiek van Suid-Afrika se Grondwet, wetgewing en regulasies. Die handleiding bewys voorts hoe die FFK voldoen aan PAIA se voorvereistes, en hoe deursigtig hulle te werk gaan om sorg te dra dat almal hulle grondwetlike reg tot die toegang tot inligting kan uitoefen.

8.2 Die handleiding is beskikbaar as ‘n elektroniese dokument en ook as ‘n harde kopie in Engels, isiXhosa en Afrikaans. Die harde kopie is ook beskikbaar vir besigtiging by die FFK gedurende kantoorure**,** op die webtuiste, en is ook beskikbaar op versoek.

## 9 OPDATERING VAN DIE HANDLEIDING

Die handleiding sal opdateer word soos en wanneer dit nodig raak.

## 10 PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING BETREFFENDE DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING WET NR 4 VAN 2013

10.1 Die FFK moet inligting, insluitende persoonlike inligting soos gedefinieer in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, versamel en gebruik op ‘n wyse wat noodsaaklik is om hulle funksies, verpligtinge, en take behoorlik te verrig.

10.2 Die FFK prosesseer persoonlike inligting aangaande die dataversameling van die onderstaande onderwerpkategorieë:

- FFK-werknemers, -internskappe en werksaansoeke.
- Derdepartyverskaffers.
- Ander openbare lliggame.

10.3 Die onderstaande kategorieë is die persoonlike inligting wat verwerk word om aan die funksies te voldoen:

- Identifiseerbare nommers (werknemersnommer, maatskappyregistrasiesnommers, ID-nommers).
- E-posadress, straatadres, telefoonnommer.

- Name, vanne, huwelikstatus, nasionaliteit, geslagsoriëntasie, ouderdom, fisiese gesondheidstatus, geestesgesondheidstatus, welsyn, gestremdheidstatus, taal, geboorteplek, geboortedatum. Sommige van die inligting kan meer algemeen voorkom in ons indiensnemingsprosesse in vergelyking met die kernsakeafdelings.
- Biometriese inligting soos vingerafdrukke, met spesifieke verwysing na ons indiensnemingsprosesse.
- Inligting oor ras, etniese of sosiale afkoms, strafregterlike opnames/verrigtinge van mense.
- Onderrig, medies, finansieel, indiensnemingsinligting van persone.

10.4 Persoonlike inligting word slegs openbaar gemaak indien dit nodig is vir die FFK om hulle wetgewende mandaat soos bepaal in die Wet op FFK, vir sakedoeleindes, waar daar ‘n regsverpligting is, of wanneer daar ‘n openbare plig om inligting te openbaar, of indien daar ‘n wettige belang van die data-onderwerp openbaarmaking verg, of waar toestemming deur die data-onderwerp verleen is om die inligting te openbaar. Die openbaarmaking van inligting, insluitende persoonlike inligting deur die FFK, is onderworpe aan die bepalings van die Wet op FFK.

10.5 Die ontvangers van inligting sluit FFK-diensverskaffers in, ander reguleerders (insluitende buitelandse reguleerders), wetstoepassingagentskappe en verifikasie-agente.

10.6 Persoonlike inligting mag geprosesseer word in ander jurisdiksies buite Suid-Afrika vir sakedoeleindes, vir verskaffing aan buitelandse ten einde ‘n wetgewende mandaat te vervul, of aan wetstoepassingsagentskappe vir ondersoekdoeleindes.

10.6 Waar toepaslik, versoek ons derdepartye met wie ons inligting deel, om voldoende stappe te neem en toepaslike databeskermingswetgewing te eerbiedig, en die inligting wat ons aan hulle openbaar te beskerm. Dit word gedoen by wyse van kontraktuele reëlings met hierdie derdepartye. Ons neem ook interne stappe om te verseker dat die derdepartye wat ons aanstel, oor voldoende maatreëls beskik om

die inligting wat ons aan hulle verskaf te beskerm.

10.7 FFK gebruik elektroniese en fisiese veiligheidsbeheermaatreëls wat ontwerp is om vertroulikheid te beskerm, verliese te beheer, en ongemagtigde toegang tot en beskadiging van inligting deur ongemagtigde partye te voorkom. Die FFK se kuberveiligheidstrategie is in ooreenstemming met die standaard industrieraamwerke ten einde doeltreffende kuberveiligheidsrisikobestuur vir die onderneming te verseker. Die FFK assesseer voortdurend die kwesbaarheid van hulle veiligheidsprofiel om sekuriteitsvlakke te verbeter en om te verseker dat belanghebbendes gemoedsrus het.

10.8 Data-onderwerpe het die volgende regsmiddels waar inmenging plaasgevind het tydens die beskerming van hulle persoonlike inligting by die FFK:

10.8.1 Dien ‘n klag in by die FFK-Inligtingsbeampte en, indien dit nie na wense hanteer word nie, eskaleer die klagte na die Inligtingsreguleerder toe op die voorgeskrewe wye en vorm.

10.8.2 Stel ‘n siviele aksie in vir skadevergoeding by ‘n hof wat jurisdiksie het.

## 11 FFK-VORMS OM ‘N VERSOEK TE RIG ONDER PAIA

- Vorm A: Versoek om toegang te kry tot ‘n openbare liggaam.
- Vorm B: Kennisgewing van interne appél.
- Skedule van voorgeskrewe fooie.